

8 Oktober

Skrifgedeelte: Psalm 7

Fokusgedeelte: Psalm 7:2, 3

God as Vriend

Menseverhoudings loop dikwels skeef. Verbroke verhoudings veroorsaak dat mense verontreg voel. Meestal is dit die gelowiges, opregtes en eerlikes wat aan die kortste ent trek.

In Psalm 7 beskryf Dawid só 'n situasie van onreg. Sy uiteindelijke ervaring was egter: God help die opregtes.

Kus, 'n Benjaminiër, vriend van Dawid, volksgenoot, broeder in die geloof, het Dawid te na gekom. Dit maak die gevoel van onreg soveel erger: dat 'n vertroueling hom valslik van allerhande dinge beskuldig. Dit ervaar ons ook soms: Dat iemand naby jou dikwels die seerste maak, iemand aan wie jy net goed gedoen het, of erger nog, iemand wat jy vertrou het. Dis 'n pyn wat moeilik is om te verwerk.

Waarom kan ons dan vashou? Dat God ons vriend is, 'n vriend wat ons NOOIT sal verrai nie!

Kan 'n mens God as vriend hê? Moses en Abraham was vriende van God (Eks 33:11; 2 Kron 20:7). Wat maak God dan so 'n unieke vriend vir ons ook? Die feit dat Hy die opregtes (sy vriende) help (Ps 7:11). Hoe help God die opregtes as Vriend?:

- 2 Timoteus 2:13: *"... as ons ontrou is, Hy bly getrou: Hy kan homself nie verloën nie."*
- 1 Korintiërs 1:8: *"Jesus Christus is Hy wat julle ook end-uit sal laat vas staan, sodat daar geen aanklag teen julle sal wees op die dag wanneer ons Here Jesus Christus kom nie. God is getrou ..."*
- 1 Korintiërs 10:13: *"God is getrou, Hy sal nie toelaat dat julle bo julle kragte versoek word nie; as die versoeking kom, sal Hy ook die uitkoms gee."*
- In Johannes 13:1 staan dat Jesus sy eie mense tot die uiterste liefgehad het; tot die dood toe, en in Johannes 15:13: *"Niemand het groter liefde as dit nie; dat hy sy lewe vir sy vriende aflê."*
- Johannes 13:15: *"Ek noem julle vriende, omdat Ek alles wat Ek van My Vader gehoor het, aan julle bekend gemaak het."*

Kan u dan nog twyfel dat God u Vriend is?

Sing: Skrifberyming 5-4:3, 4

Ds L vd M Vogel (Walvisbaai)